

# BUUIT

Maart 2008 Jaargang 56, nr.1

## Megaprojekte help met herposisionering

**'Let us join hands and move forward together'**



Universiteit van die Vrystaat  
University of the Free State  
Yunivesithi Ya Frelstata

KOVSIE

Maak jou merk.

Moenie jou drome uit sig verloor nie.  
Wees voorbereid. Kry 'n kwalifikasie by  
die Universiteit van die Vrystaat.

Universiteit van die Vrystaat  
**wees net jouself**



UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT  
UNIVERSITY OF THE FREE STATE  
YUNIVESITHI YA FREISTATA

Posbus 339, Bloemfontein 9300 • Tel: (051) 401 3000  
E-pos: info@mail.uovs.ac.za • www.uovs.ac.za

# BULT

## inhoud

April 2008 Jaargang 56 nr 1

Redakteur / Editor:

**Leatitia Pienaar**

Tel: +27 (0)51 401 9188

Faks / fax: +27 (0)51 444 6393

Pienaarajl.stg@ufs.ac.za

UV-webblad / UFS Website:

[www.ufs.ac.za](http://www.ufs.ac.za)

Produksie / Production

Uitleg / Layout

**Chrysalis Advertising and Publishing,  
Bloemfontein**

082 728 4860

armand@bfn.co.za

Drukwerk / Printing

**CTP Book Printers,  
Parrow-East**

Bult, nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. Bult word onder oudstudeerders, donateurs, sake- en regeringsleiers, meningsvormers en Kowsie-vriende versprei. Artikels mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

Bult, news magazine of the University of the Free State, is published by the Division: Strategic Communications at the UFS. Opinions expressed in the publication are not necessarily those of the Editor, the Division or the UFS. Bult is sent to alumni, donors, business and government leaders, opinion formers and Kowsie friends. Articles can be published elsewhere, with the necessary acknowledgement. Contact the Editor in this regard.

Adresveranderinge /  
Address changes

Stuur besonderhede aan /  
Send details to:

**Dawid Kriel**

Posbus / P O Box 2319

Bloemfontein 9300

Tel: +27 (0)51 401 3409

Faks / fax: +27 (0)51 444 6391

[Dawid.stg@ufs.ac.za](mailto:Dawid.stg@ufs.ac.za)

### Nuus/News

- 4** 'Let us join hands and move forward together'
- 6** Megaprojekte help UV met herposisionering
- 9** Sport is taken to higher levels
- 10** UV se finansies bly kerngesond
- 11** South African business cycle shows reduction in volatility
- 12** Topmusici aangestel in Odeion Strykkwartet
- 14** Development status of women declines
- 16** UV en Gent smee bande

### Monitor

- 20** Meertaligheid, uitsluiting in België onder die loep
- 22** UFS students win Innovation prize
- 26** UFS gets more than R3 million for HIV/AIDS activities
- 29** Belgiese egpaar gee klas by Teologie

### Our corporate friends

- 33** Sasol to invest millions more in Chemistry
- 34** Beds of Hope campaign aims for R15 million

### Alumni

- 38** Sportpresteerders vereer
- 39** Topmatrikulante op ontbyt onthaal
- 40** Oud-Kowsies trek saam in Londen

### Rubrieke/Columns

- 02** Briewe
- 32** Condolences

#### Voorblad

Die Hoofgebou van die UV is deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte vereer. Hier is personeel van die gebou, argitekte en kontrakteurs op 'n geleentheid om die toekening te vier. Lees meer op bl. 3.

Foto: Stephen Collett





## Letter from the Editor



The UFS experienced a very difficult first quarter in 2008. Vandalism by students in reaction to the hostel integration process on campus ran into millions of rands. That was followed by the Reitz "integration" video that caused shock waves in South Africa and around the world.

Management and the UFS Council expressed their abhorrence with the video and took the necessary steps against the students who made the video. Staff affected by the video also received apologies in person and counseling was offered. Read the Rector's message on the way forward on p. 4.

Allow us to thank staff, alumni, friends and donors for their continued support for the UFS in these times.

We also have news on projects that will take the UFS forward, as announced in the Rector's opening speech. These projects must position the UFS as a leading university in South Africa where excellence and diversity are successfully managed.

This edition is filled to capacity with news on activities and achievements of staff, students, donors and alumni.

Enjoy the reading!

*Heather Pereira*

## Briewe

### So lyk ons nou

#### Charles du Preez van Drosdylaan 3, Ladybrand, skryf:

Tydens die naweek van 4-6 Oktober 2007 het vier oud-Kovsies mekaar by Gariepdam na ongeveer 47 jaar ontmoet. "Ons het heerlik gekuier en lang stukke oor die ou dae gesels.

"Die eerste foto is in 1958 voor die Bungaloes geneem. Van links is, agter: Daan van Vuuren, Koos Badenhorst, N. Hagen en W. Marais, voor: Ollie Olwagen, Ferdie le Grange, myself en Pierre Roodt. Op die tweede foto is ek, Pierre, Daan en Ferdie. Die vroue, Mainy, Corrie, Carol en Ruette, het gekliek en net so lekker gekuier. "Die naweek is afgesluit met die sing van *Du kanst nicht treu sein*."



### Help skryf aan Fisika se geskiedenis

#### Prof. Gerrit van Wyk, Sunrise View 158, Privaatsak X11, Elarduspark, 0047, skryf:

Ons beplan om die volledige geskiedenis van die Departement Fisika (waarskynlik in elektroniese formaat) saam te stel, hoofsaaklik gebaseer op bydraes van individue. Die geskiedenis van die departement is tot en met ongeveer 1994 deur prof. Pieter Viljoen opgeskryf. Hierdie dokument is elektronies beskikbaar.

Op versoek van die huidige voorsitter van die departement, prof. Hendrik Swart, het ek onderneem om die dokument van prof. Viljoen op datum te bring en om nog meer inligting oor die hele tydperk in te win deur inligting van soveel as moontlik oud-dosente en oudstudente te verkry.

Laat u gedagtes gaan en skryf vir ons dit wat u onthou van u tyd in die Departement Fisika. Skryf gerus net soos u dit onthou en moenie noodwendig probeer om dit in 'n publiseerbare formaat te doen nie. Ons sal alle bydraes taalkundig versorg en verwerk.

Wat ons nodig het, is: u naam en van, verkorte CV. Kortliks u lewensloop voor, tydens en na u tyd op Kovsies. As u oor 'n volledige CV beskik, stuur dit gerus. Moenie beskeie wees nie. Ons wil alles weet. Verskaf ook name van dosente en nagraadse studente wat u onthou. Waar bevind die persone hulle nou? Het u hulle telefoonnummers, adresse, e-posadresse, faksnummers, ens? Foto's van uself en kollegas of medestudente? (Toe en nou, indien moontlik.) Foto's van interessante gebeure tydens die tydperk wat u by die UV deurgebring het. Foto's moet in jpeg- of soortgelyke formaat wees. Enige ander inligting (ook gebeure buite die departement) wat u dink van belang kan wees.

Daar is nie 'n spesifieke keurdatum nie, maar dit sal bemoedigend wees as ons dadelik 'n positiewe sein van ons oudstudente en oudkollegas kan kry. Soos ons die inligting kry, gaan ons dit op die webblad van die departement publiseer. Ons kan die geskiedenis soos deur prof. Viljoen gedokumenteer op versoek per e-pos aan u stuur.

Kontak prof. Van Wyk by 012 345 6435 of 082 318 8926, of per e-pos by [vanwykgn.rd@ufs.ac.za](mailto:vanwykgn.rd@ufs.ac.za), of [gvanwyk@gmail.com](mailto:gvanwyk@gmail.com).

## Hoofgebou deur instituut vereer



'n Glasie word geklink op die toekening.

Die herinrigting van die Hoofgebou op die Bloemfontein-kampus van die UV het in Februarie 'n meriete-toekening van die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekture (SAIA) gekry. Dit is die tweede keer wat 'n UV-gebou 'n nasionale meriete-toekening kry. Thakaneng-brug (Die Roodt Vennootskap) het in 2006 'n toekening gekry.

Prof. Bannie Britz, argitek en stedelike ontwerper en voormalige hoof van die UV se Departement Argitektuur, was

verantwoordelik vir die herinrigting van die Hoofgebou. Hy het reeds talle toekennings van SAIA op sy kerfstok.

Me. Edma Pelzer, Direkteur: Fisiese Hulpbronne en Spesiale Projekte, het met die viering van die toekening op 22 Februarie in Bloemfontein gesê: “Die instituut se toekenningsprogram is daarop gerig om kwaliteit in die kuns, wetenskap, navorsings en praktyk van argitektuur te bevorder en slegs uitstaande voorbeelde van argitektuur kom in aanmerking. Om erkenning van gehalte van 'n onafhanklike beroepsliggaam te kry, dui daarop dat ons suksesvol is in die oorkoepelende strewe na gehalte op alle terreine.”

Tydens die vieringe wat onder andere bygewoon is deur die UV-personeel wat in die gebou gehuisves is, is erkenning gegee aan die span konsultante en kontrakteurs wat vir die herinrigtingsproses verantwoordelik was. Dit was vir almal 'n groot uitdaging om binne die ou struktuur fasiliteite te skep om 'n moderne opset te huisves.

Bouwerk aan die sentrale gedeelte van die gebou het in 1905-06 begin, die hoeksteen is op 19 Desember 1907 gelê deur die destydse goewerneur van die Oranjerivier Kolonie, sir Hamilton Goold-Adams, en die gebou is in Julie 1909 voltooi. Die Noordblok is 1914 toegevoeg en die Suidblok in 1929.

## UV ryg pryse in met ‘Begravnis’

Die *Begravnis* het die UV se Departement Drama weer met 'n hand vol pryse op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees op Oudtshoorn laat wegstap. Die departement het in al vyf afdelings van die Sanlam-prys vir Afrikaanse teater (Spat) skoonskip gemaak. Die departement wen daarmee R100 000. Die anonieme skrywer het ook sy R20 000 prysgeld aan die departement geskenk.

Dit is die derde keer sedert die instelling van die prys vyf jaar gelede dat die UV as die wenner van die kompetisie aangewys is. Dramadepartemente van universiteite en universiteite van tegnologiese lê vir die kompetisie tekste voor wat vir beoordeling opgevoer word.

Die pryse was vir die beste produksie, die beste regisseur (Nico Luwes, Hoof van die Departement Drama), beste dramaturg (Phil Janse – skuilnaam), beste akteur (goud) (Ilne Fourie) en die toekening vir beste akteur (silwer) is gedeel deur Annalize Nortier en Carel Nel.

Prof. Luwes sê dat sy trotsbekertjie oorloop met al die Kowsie-studente wat so mooi presteer het. In die Spat is hul spel as “professioneel” beskryf en die stuk is aangewys as 19de op die algemene populariteitslys van die KKNK, wat alle kunsvorme ingesluit het. Die geheimsinnige skrywer is terloops ook 'n oud-Kowsie wat met die stuk gedebuteer het as dramaturg. Voorvaar iets om op trots te wees!



Akteurs wat met die pryse weggestap het. Van links is Ilne Fourie Bester, Annalize Nortier en Carel Nel.

Die Departement Drama het in 2005 met *Zollie* gewen, en in 2007 het die departement weer so gemaak met *Levensreg*.

*Die Begravnis* sal ook op vanjaar se Volksblad-kunstefees en Aardklopfes te sien wees.

# 'Let us join hands and

Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor



Amidst troubling times on the UFS campus in Bloemfontein, about 35 black and white students formed a circle in front of the Main Building, two days after the Reitz video became public, to pray for the university in view of the offensive and racist video that caused world-wide reaction. The students were joined by members of top management who were in a meeting at the time.

**T**he past few months have been the most difficult for all of us.

First, we had the unrest and vandalism of Wednesday 20 February 2008 after Residence Committees went on strike. Just after meetings and discussions between top management, primes and the SRC leadership where we largely handled the concerns of students regarding integration of the residences, the bomb of the Reitz video exploded.

The management is dealing with this matter swiftly and fairly. We are not sweeping it under the carpet.

The pain and distress that this video has caused amongst staff and students on campus, including the five employees who took part in the video, have echoed across the country and the world. In Europe, England and the USA, the Reitz residence, the UFS, Afrikaners and whites, and by implication the whole country have been condemned as a place of hate, intolerance, racism and racial tension. Within the country similar condemnation has come from community leaders, cultural organisations, religious groupings other universities, political parties, individuals and the government.

# move forward together'

This is a huge setback for the UFS, which has been trying hard since the early 1990s to transform into a multilingual, multicultural, non-racial campus where black and white, and Afrikaans, Sesotho, English and other language speakers all could feel equally at home.

Our image has been shattered.

Even worse: our hearts have been shattered. Students and staff have been traumatised, are angry, fearful and distressed. There are signs of renewed tension between black and white, allegations and threats against fellow students, of fear amongst students and staff.

Outsiders ask: how can this still be so, on this campus, 14 years after 1994?

Somehow the past is still very much a part of us, a past in which race prevented people from accepting each other as human beings. We all still struggle to get that legacy out of our systems, to be truly liberated from race and racial thinking, and to think and behave in a truly non-racial fashion.

In some form or another, this is true of all, black and white, old and young, students and parents, staff and management. It is also true of other universities. It is true of the whole country.

This reluctance to deal with the issues of race and racism is something that our campus (and we as a country) must acknowledge openly. For a start, we as a campus should talk very honestly about these issues and get the whole country to take part in this discourse.

My plea is this: let's talk amongst ourselves about this openly, honestly and with courage. Without blaming. Without simplistic accusations. Without political agendas.

We must start by understanding each other's fears. We must understand each other's pain. We must understand each other's expectations. We must understand each other's dreams.



Staff, students, student organisations, unions and politicians took part in a protest a day after the video surfaced. Here they are airing their views in front of the Main Building on the Main Campus in Bloemfontein.

In the end, we must be able to share a common dream about the future of this university and a common dream about the future of this country. A future of justice, peace and reconciliation!

So let's listen earnestly to each other. And then, then we can move on to peace and reconciliation and a common destiny. Let each of us do serious introspection regarding our deepest feelings towards our fellow human being, our fellow student, our colleague, our neighbour.

When you look at your fellow student or your colleague, do you see a threat, a foreigner? Do you simply see him or her as a member of a group – or rather as a friend, a fellow countryman, as an indivi-

dual who can enrich your life? Do we still think too much in terms of groups? Are we still too inclined to generalise about “us” and “them”?

I am convinced that our only hope is to liberate ourselves from thinking and believing in terms of racial categories, what I will call racial thinking and behaviour, that is so prevalent in our society.

That to me is the opportunity that has been created by this bad event. The door has been opened for us to tackle the challenges with hope in our hearts.

So, let us Kovsies take hands, pray, and together create a campus where all can feel at home. Let us together create a future.

# Megaprojekte help UV



Hier is prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier, diep ingedagte voor die amptelike opening van die UV.

**D**ie UV gaan op vyf megaprojekte fokus wat sal bydra tot die herposisionering van die universiteit in die volgende vyf jaar as een van Suid-Afrika se voorste universiteite wat uitnemendheid en diversiteit suksesvol bestuur, het prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier, op die amptelike opening vanjaar gesê.

Die volgende projekte is geïdentifiseer:

- Die suksesvolle implementering van strategiese akademiese klusters om die onderrig- en navorsingskundigheid van die UV te fokus.
- Die ontwikkeling en implementering van nuwe modelle van onderrig en leer.
- Die vind van nuwe bronne van inkomste (insluitend 'n derde inkomstestroom) om die

afhanklikheid van staatsubsidies en klasgelde te verminder.

- Die skep van 'n nuwe institusionele kultuur vir die universiteit deur die finalisering van die Institusionele Handves.
- Die deurlopende transformasie van die UV in al sy dimensies.

Volgens prof. Fourie is die strategiese klusters, wat in 2006 geïnisieer is, 'n baie belangrike inisiatief wat daarop gemik is om van die UV 'n wêreldleier in ses breë kategorieë te maak. Hierdie klusters is nie net gebaseer op navorsing nie, maar sal ook nagraadse programme insluit en afgewentel word na voorgraadse programme en kurrikula. Hy het ook aangedui dat ander navorsing

# met herposisionering



Bestuurslede in die Kanselierskamer van die Eeufeeskompleks.

aan die UV sal voortgaan en soos vantevoren ondersteun en befonds sal word.

Die tweede projek, om 'n nuwe onder- en leermodel te vestig, is daarop gerig om sukseskoerse aan te spreek. Hierdie saak sal hoë prioriteit geniet. Die huidige sukseskoerse is 'n aanduiding van die hoë prioriteit wat hierdie aspek verdien. Hy het gesê onderrig en leer het 'n regstreekse invloed op die lewens van duisende studente en sal die voortbestaan van die UV as 'n topklas-universiteit waarborg.

Prof. Fourie het gesê aandag moet gegee word aan:

- Die effektiwiteit van die onderrig- en leermodel vir die toekoms
- Die implikasies van diversiteit vir die kurrikula en die leermodel
- Die taalvaardigheid van studente en dosente

- Die kwaliteit van programme en kurrikula
- Die ontwikkeling van kritiese denkvaardighede van studente
- Die gepaste gebruik van nuwe opeleer-, gemengdemodelleer- en vermengdeleermodelle, en
- Die gepaste rol van eLeer en die nuwe ICT-gebaseerde leertegnologieë, en
- Gepaste toegang en ondersteuning vir studente wat besliste potensiaal het.

Prof. Fourie het gesê 'n nuwe strategiese raamwerk en leermodel vir nagraadse studies – werwing, ondersteuning en suksesvolle leer – is ook baie belangrik. Dit sluit aan by die rol van die nuwe Nagraadse Kantoor. Hierdie gedeelte van die projek is reeds deur die Uitvoerende Bestuur van stapel gestuur, met prof. Driekie Hay, nuwe viserektor: akademiese beplanning, as sameroeper.

Nuwe inkomstestrome wat hoër vlakke van finansiële volhoubaarheid bied, is die derde projek, veral in die lig van die verminderde staatsubsidies en beperking op studentegetalle. Hierdie inkomstestrome is nodig om volhoubare hoër investeringsvlakke in die kwaliteit van akademiese aktiwiteite en die nodige kapasiteit en fasiliteite te befonds.

Prof. Fourie het gesê die UV se derde inkomstestroom (10% van die totale inkomste) vergelyk swak met dié van ander soortgelyke universiteite (25%–35%). 'n Groot deel van daardie universiteite se derde-stroominkomste kom uit projekte wat voortspruit uit hul ingenieursfakulteite.

“Tot dusver het ons klein derde geldstroom ons nie regtig gekniehalter nie, gegee die suksesse van die Draaistrategie. Ongelukkig het dit nie ons afhanklikheid

van staatsubsidies verminder nie. In 'n nuwe era van subsidie- en inskrywingsbeperkings impliseer dit 'n ongemaklike wurg-greep op die UV se vermoë om betekenisvol verder te verdiep en gehalte te verbeter," het hy gesê.

'n Nuwe Finansiële Volhoubaarheidsplan is reeds einde verlede jaar goedgekeur. Prof. Fourie sê: "Ons sien dit as 'n absoluut noodsaaklike element vir ons toekomstige groei en sukses as universiteit. Ons moet almal meehelp om hierdie element te laat slaag. Die strategiese klusters kan natuurlik een van die kragtigste 'voertuie' wees om hierdie doel na te streef. Die nodige ondersteuning deur 'n voltydse en professionele entrepreneuriese ondersteuningsdiens is ook 'n belangrike element.

"Dit is dalk ook nodig dat die moontlikheid van 'n ingenieursprogram weer ondersoek word."

Die vierde projek rakende die Institusionele Handves is 'n deurlopende poging om 'n sin van behoort vir alle personeel en studente aan die UV te skep. "Wat die handves doen – ter aanvulling tot die beskrywing van oorkoepelende waardes wat deur die instelling en sy mense ondersteun word – is om die buitelyne en konstitutiewe beginsels van die UV na 'n gelykberegting te beskryf," het hy gesê.

Die handves, wat in 2007 bekendgestel is, is en bly 'n kritiese element om transformasie effektief en spoedig te lei tot 'n breë aanvaarbare doelwit. Dit is 'n kritiese element van die "sosiale volhoubaarheid en robuustheid" van 'n nuwe UV, veral in onstuimige politieke tye, het hy gesê.

Hy het gesê die Institusionele Handves en die institusionele kultuur is gekoppel aan bestuur se verbintenisse daartoe om personeel by te staan – deur die bevordering van

welstand en die skep van 'n kultuur van omgee en ondersteuning – om slimmer te werk en minder oorlaai te voel in die mededingende en veeleisende hoërsonderwysomgewing.

Die vyfde projek is die Transformasieplan wat ook in 2007 bekendgestel is. "Ons moet eenvoudig toegewyd voortgaan met hierdie plan, gegewe ons verbintenisse tot omvattende en diep transformasie, en tot bestepraktijk-transformasie. Alle universiteite sal die uitdagings van transformasie moet aanspreek en die UV kan 'n baanbreker wees, soos wat dit in die verlede gedoen het deur diversiteit innoverend te bestuur en 'n kampus te skep waar almal hul regmatige plek kan vind," het prof. Fourie gesê.

Die ontwerp en goedkeuring van die Transformasieplan was 'n belangrike prestasie vir die universiteit, het hy gesê.



Personeel en studente geniet 'n koppie tee en verversings na afloop van die amptelike opening in Februarie vanjaar.

## Sport is taken to higher levels

**S**port commercialisation at the UFS will get new momentum with the appointment of Mr Mickey Gordon as Head of Strategic Sport Development and Commercialisation. He is originally from Bloemfontein and took early retirement from the North-West University.

Mr Gordon, a wellknown cricket and hockey administrator, served in the executive management of SA Hockey and SA Cricket.

At the official opening earlier this year Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor, said many good things have happened with regard to sport, but the dreams of the Sports Plan of 2002, and with regard to the Sport Commercialisation Plan of 2005, have not been realised yet, mainly due to limited resources. New challenges have also come about with changing circumstances, both in student sport and in professional sport.

“For some time we managed the implementation of the Sports Plan with outside consultants. This has not worked very well, although important groundwork has been laid. Part of the

reason for the lack of progress has been the absence of co-ordination and synergy between the different sport divisions – KovsieSport, CESSS (the Centre for Exercise and Sport Science Services), and Sport Commercialisation (still in its infancy).

“Another has been the absence of a full-time, dedicated jockey who can take the whole ‘sports cluster’ and energetically implement and further develop the strategic Sports Plan and the Sport Commercialisation Plan – given new and changing circumstances.

“Also required was someone with the necessary business contacts and entrepreneurial expertise to generate more funding and sponsorships – so that sport can be liberated from the budgetary constraints that it will always face at an academic institution.

“We look forward to an exciting period of growth and development for sport at the UFS,” Prof. Fourie said.

Mr Gordon will head a consolidated sport cluster for a period of five years. KovsieSport, a Sport Commercialisation Division, and CESSS will report to him. He started in the new position on 1 March 2008.

Prof. Fourie also reported on the UFS’s many sport successes in 2007. He highlighted netball where Burta de Kock was the national Protea coach and a number of Kovsies got national colours. The Kovsie team was also undisputably the best university team.

A number of former Shimlas also formed part of the Springbok rugby team who brought the Web Ellis World Cup home. Dr Derik Coetzee distinguished himself also as conditioning trainer of the Springbok team.

Various initiatives were also launched with regard to rugby. A task team was appointed to review the management structures of sport clubs, especially rugby in the light of the new semi-professional era for rugby and other sport codes. Discussion on cooperation continues with the Cheetah Company.

History was also made with the appointment of the first fulltime head coach for rugby, Jaco Swanepoel, previously from Grey College in Bloemfontein. He is regarded as the best trainer at school level in the country.

## Varsitybeker bekendgestel



Die ENB Varsitybeker-kompetisie, waarin Suid-Afrika se topuniversiteite teen mekaar gaan meeding, is aan die UV bekend gestel. In die kompetisie speel agt spanne op Maandae teen mekaar, gevolg deur twee halfeindstryde en 'n eindstryd. Die feestoernooi vind oor die Paasna-week in April in George plaas waar die agt spanne elk drie ligawedstryde sal speel. 'n Koshuis van elk van die agt spanne se universiteit sal ook die geleentheid kry om teen mekaar te speel. Die koshuiswedstryde sal 'n eerste vir universiteitsrugby wees. By die bekendstelling in Bloemfontein was, van links: mnr. James Letuka (Direkteur: KovsieSport), mnr. Jaco Swanepoel (Kovsies se rugby-afrigter), mnr. Francois Pienaar (voormalige Springbokkaptein en direkteur van die ENB Varsitybeker), en mnr. De Wet Ras (KovsieSport), en Nicolaas le Roux (Shimla-kaptein).

# UV se finansies bly kerngesond

**D**ie UV se finansies is kerngesond. 'n Hoër as verwagte surplus van ongeveer R26 miljoen is ten opsigte van die 2007-begroting behaal.

Prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier, het op 2007 se laaste Raadsvergadering gesê: "Ons kon tot dusver die aansienlike beleggings in infrastruktuur uit diskresionêre fondse finansier, ten spyte daarvan dat die Raad ons gedurende 2005/06 toestemming gegee het om 'n lening van R50 miljoen vir dié doel aan te gaan."

Die hoër as verwagte surplus van ongeveer R26 miljoen sal onder meer aangewend word vir die finansiering van infrastruktuur ten einde die aangaan van 'n lening verder uit te stel.

Ter ondersteuning van die veldtog om die UV nasionaal te posisioneer as 'n universiteit wat uitnemendheid en diversiteit suksesvol integreer, sal R5 miljoen uit die surplus vir hierdie doel beskikbaar gemaak word.

Die Raad het ook die volgende toedelings vir 2008 vir die pilare van 'n gesonde-praktykbegroting vir die UV goedgekeur:

- Inligtingsbronne: R21,1 miljoen
- IT-infrastruktuur: R3,5 miljoen
- Vervanging van duur apparaat: R7,05 miljoen
- Navorsing: R18,1 miljoen
- Kapitale besteding: R28,2 miljoen
- Onderhoud van kapitale bates: R18,2 miljoen
- Reserwes: R6,3 miljoen
- Rekenaars vir die rekenaarlaboratorium: R3,5 miljoen

Vir die Qwaqwa-kampus is R2,5 miljoen vir hierdie sake opsy gesit.

Wat strategiese prioriteite aanbetref, is R8 miljoen vir die akademiese klusters, R2 miljoen vir billikheid, diversiteit en gelykeberegting en R6 miljoen vir billike indiensneming toegewys.

Die geprojekteerde inkomste vir 2008 sal R849 miljoen wees, terwyl die geprojekteerde uitgawe, oordragte uitgesluit, R694 miljoen sal wees.

"Die Raad het goedkeuring verleen dat diskresionêre strategiese fondse grootliks aangewend sal word vir die verdere opgradering van die fisiese infrastruktuur, veral die

Chemie-gebou, die rekenaarlaboratorium-gebou, eksamenlokale en die Jolkol," het prof. Fourie gesê. Fondse is gereserveer vir die ontwikkeling van akademiese klusters en die voortsetting en versnelling van die UV se transformasieplan.

"Ons het ook die diensvoorwaardes van kontrakaanstellings hersien en dit met die nuutste arbeidspraktyke belyn. Die infasering van byvoordele vir hierdie spesifieke groep personeellede sal vanjaar 'n aanvang neem," het hy gesê.

Gegewe die afhanklikheid van die UV se inkomste van studentegetalle, is 'n taakspan saamgestel om die voortgesette finansiële volhoubaarheid van die UV te ondersoek. Die kern van dié komitee se aanbevelings is:

- om die derde inkomstestroom te verhoog deur die akademiese klusters as die hoofstrategie te gebruik; en
- om strategieë toe te pas soos die werwing en uitbouing van die nagraadse en buitelandse studentekorps, en die verhoging van inkomste uit skenkings en fondsinsamelings.



Ook by die amptelike opening in Februarie vanjaar: Van links help me. Linda Geyer prof. Tienie Crous, Dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; ds Kiepie Jaftha, Hoofdirekteur: Samelewingsdiens, en mnr. Willem Malherbe, Registrateur: Strategiese Beplanning, in gesprek; so ook regter Joos Hefer, president van die Konvokasie, en regter Faan Hancke, voorsitter van die UV-raad; en proff. André Roodt, Francois Tolmie en Peter Holmes.

# South African business cycle shows reduction in volatility



Prof. Philippe Burger

**B**etter monetary policy and improvements in the financial sector that place less liquidity constraints on individuals is one of the main reasons for the reduction in the volatility of the South African economy. The improvement in access to the financial sector also enables individuals to manage their debt better.

These are some of the findings in an analysis on the volatility of the South African business cycle done by Prof. Philippe Burger, Departmental Chairperson of the Department of Economics.

Prof. Burger delivered his inaugural lecture in November 2007 on *The ups and downs of the South African Economy: Rough seas or smooth sailing?* In his lecture Prof. Burger emphasised a few key aspects of the South African business cycle and indicated how it changed during the periods 1960-1976, 1976-1994 and 1994-2006.

With the Gross Domestic Product (GDP) as an indicator of the business cycle, the analysis identified the variables

that showed the highest correlation with the GDP. During the periods 1976-1994 and 1994-2006, these included durable consumption, manufacturing investment, private-sector investment, as well as investment in machinery and non-residential buildings. Other variables that also show a high correlation with the GDP are imports, non-durable consumption, investment in the financial-services sector, investment by general government, as well as investment in residential buildings.

Prof. Burger's analysis also shows that changes in durable consumption, investment in the manufacturing sector, investment in the private sector, as well as investment in non-residential buildings preceded changes in the GDP. If changes in a variable such as durable consumption precede changes in the GDP, it is an indication that durable consumption is one of the drivers of the business cycle. The up- or downswinging of durable consumption may, in other words, contribute to an up- or downswinging in the business cycle.

A surprising finding of the analysis is the particularly strong role durable consumption has played in the business cycle since 1994. This finding is especially surprising due to the fact that durable consumption only constitutes about 12% of the total household consumption.

A further surprising finding is the particularly small role that exports have been playing since 1960 as a driver of the business cycle. In South Africa it is still generally accepted that exports are one of the most important drivers of the business cycle. It is generally accepted that, should the business cycles of South Africa's most important trade partners show an upward phase, these partners will purchase more from South Africa. This increase in exports will contribute to the South African economy moving upward. Prof. Burger's analysis

shows, however, that exports have generally never fulfilled this role.

Over and above the identification of the drivers of the South African business cycle, Prof. Burger's analysis also investigated the volatility of the business cycle.

When the periods 1976-1994 and 1994-2006 are compared, the analysis shows that the volatility of the business cycle has reduced since 1994 by more than half. The reduction in volatility can be traced to the reduction in the volatility of household consumption (especially durables and services), as well as a reduction in the volatility of investment in machinery, non-residential buildings and transport equipment. The last three coincide with the general reduction in the volatility of investment in the manufacturing sector. Investment in sectors such as electricity and transport (not to be confused with investment in transport equipment by various sectors) which are strongly dominated by the government, did not contribute to the decrease in volatility.

In his analysis Prof. Burger supplies reasons for the reduction in volatility. One is the reduction in the shocks affecting the economy – especially in the South African context. Another is the application of an improved monetary policy by the South African Reserve Bank since the mid 1990s. A third explanation is the better access to liquidity and credit since the mid 1990s, which enables the better management of household finance and the absorption of financial shocks.

A further reason which contributed to the reduction in volatility of the business cycle in countries such as the USA is better inventory management. While the volatility of inventory in South Africa has also decreased, there is, according to Prof. Burger, little proof that better inventory management contributed to the reduction in volatility of the GDP.

# Topmusici aangestel in Odeion Strykkwartet



Die drie nuwe lede van die UV se Odeion Strykkwartet is, van links: Jeanne-Louise Moolman (altviolis), Denise Sutton (leier en eerste violis) en Sharon de Kock (tweede violis).

**Die Odeion Strykkwartet speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van simfonieorkesmusiek en klassieke musiekopleiding in die Vrystaat**

**D**rie topmusici is vanjaar in die Odeion Strykkwartet aangestel. Die kwartet, wat in 1991 gestig is, is die enigste residentkwartet by 'n universiteit in Suid-Afrika.

Die nuwe persone wat aangestel is, is: Denise Sutton, eerste violis en leier van die strykkwartet; Jeanne-Louise Moolman, altviolis, en Sharon de Kock, tweede violis.

Die nuwe aanstellings volg nadat drie vorige lede van die kwartet Bloemfontein min of meer gelyktydig verlaat het of afgetree het. Michael Haller, jarelange tjellis van die kwartet, tree ook aan die einde van 2008 af.

Hierdie verwikkelinge beteken dat die Odeion Strykkwartet vanjaar as 'n ware splinternuut saamgestel word. Dit impliseer ook

opwindende nuwe geleenthede vir studente en skoliere om by uitstekende nuwe dosente les te neem. Die nuwe spelers sal ook die Vrystaatse Simfonie-orkes aansienlik versterk.

Die Odeion Strykkwartet is in 1991 gestig as 'n onafhanklike entiteit aan die UV, maar lewer ook onderrigdienste aan die Departement Musiek.

Prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier van die UV en voorsitter van die Strykkwartet Beheer Komitee, sê die Odeion Strykkwartet is 'n kulturele vlagskip van die UV. Dit versinnebeeld die UV se verbintenis tot die kunste en speel 'n belangrike strategiese rol in die ontwikkeling van simfonieorkesmusiek en klassieke musiekopleiding in die Vrystaat. Daarom is 'n daadwerklike poging aangewend om topgehalte musici te kry. Die UV is verheug dat so 'n sterk groep aangestel kon word.

Die meeste gevestigde buitelandse strykkwartette is by 'n hoër onderwysinstelling gevestig. Dit maak vir so 'n strykkwartet 'n hoër peil van uitvoering moontlik, want daar is meer tyd om te oefen en die repertoire te bestudeer. Denise Sutton, nuwe leier van die kwartet, sê: "Ons waardeer die UV se vertroue in ons en vir die geleentheid wat aan ons gebied word om die ingewikkeldheid van ensemblewerk te ondersoek. Ons hoop dat die strykkwartet inspirerende optredes vir ons gehoor en studente sal kan gee."

Denise Sutton het aan die Universiteit van Stellenbosch (US) die graad B.Mus. met lof behaal en daarna in Amsterdam by Theo Olof en Nap de Klijn en in Londen studeer. Sy was leier van die tweede viole in die Skotse Kamerorkes en het 'n suksesvolle oudisie vir die Engelse Kamerorkes gedoen. In Suid-Afrika het sy 'n lang loopbaan as konsertmeester en leier van simfonie-orkeste gehad. Sy was vanaf 1980 vir amper twintig jaar konsertmeester van die Truk-orkes en van 2000 tot 2005 lid van die Johannesburg Feesorkes asook die Kamerorkes van Suid-Afrika (COSA). Sy was ook stigterslid en leier van die Rosamunde Kwartet, een van die voorste strykkwartette in die land. Denise het in Pretoria 'n baie suksesvolle deelydse onderrigpraktyk by die Universiteit van Pretoria (UP)

vervolg op bl. 13

## Employment Equity Plan approved by Council

**A**fter months of hard work by the Central Employment Equity Committee, the UFS's Employment Equity Plan was approved by the Council in November 2007.

Within the plan an important concept, that of sufficient diversity, was approved and is utilised. A designated group is seen as being sufficiently represented when it has a twenty percent or higher representation within a UFS staff category. The twenty percent representation per group is viewed as the five-year target.

This implies that the appointment of people from groups that exceed 20% representation does not qualify for employment-equity target setting. This does not mean that white women and black men (and white men) may not be appointed in the categories where their representation exceeds 20%. It does

mean, however, that their appointment is not counted in attaining the targets, and that the emphasis should be shifted to those categories that are still underrepresented, namely black women.

For the designated groups as a whole, it was approved that numerical targets be set at a minimum of 50% representation in each UFS staff category. These targets of 50% are also to be attained within the next five years.

Prof Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor said: "This is one of the most crucial areas of concern, a key element of the Transformation Plan because the UFS firmly believes that diversity among our staff is an asset that will assist us in our quest for excellence. Approximately R18 million has been set aside in the past five years for this important strategic priority to allow faculties and departments to appoint persons from the designated

groups. Every opportunity to employ senior black and female managers has been utilized (deans, deputy deans, directors, deputy directors).

"While some of the targets have already been attained, and many are indeed attainable in five years, it might be difficult to attain these targets in e.g. the senior academic ranks. Management is looking at different ways to achieve the numerical goals.

"Much more focus is to be placed on Growing Our Own Timber and mentoring. Two new projects for growing our own timber and a Workplace Learning Internship initiative for the support services were approved. There is also a project in the pipeline for the development of leadership among promising black academic and support staff to equip them for senior and high-level management positions."

vervolg van bl. 12

sowel as etlike skole gehad, en was ook betrokke by nagraadse onderrig. Haar studente sluit heelwat kompetisiewenners en huidige professionele musici in.

Jeanne-Louise Moolman het aan die Universiteit van Pretoria onder prof. Alan Solomon studeer waar sy die B.Mus- en B.Mus.Hons-grade met lof behaal het. Sy het onder meer die ATKV Forté en die Oude Meesterskompetisies gewen. In 1985 was sy die eerste wenner van die gesogte 75ste Gedenkprys van die Universiteit van Natal. Sy het nagenoeg twintig jaar ondervinding as hoofaltviolis van verskeie professionele orkeste in Gauteng. Sy was tot voor haar aanstelling by die UV die leier van die altviole in die Johannesburg Filharmoniese Orkes asook hoofaltviolis van COSA. Sy is 'n ervare kamermusikus wat gereeld saam met sommige van Suid-Afrika se voorste musici in verskillende kombinasies optree. Dit sluit Gerard

Korsten, Phillipe Graffin, Jürgen Schwietering, die pianiste Lamar Crowson en Albie van Schalkwyk asook die klarinet-speler Robert Pickup in. Jeanne-Louise was ook 'n stigterslid van die Rosamunde Strykkwartet. Sy het ook deelyds les by die UP en die Pro Arte-musiekskool gegee.

Sharon de Kock het die grade B.A. Musiek en M.Musiek aan die College-Conservatory of Music (CCM) aan die Universiteit van Cincinnati in die Verenigde State van Amerika (VSA) in onderskeidelik 2002 en 2004 verwerf. Van haar leermeesters was die bekende konsertviolis Chee-Yun Kim, prof. Kurt Sassmannshaus en Piotr Milewski, almal Julliard-alumni. Sy was van 2004 tot 2006 violdosent by twee universiteite en 'n musiekkonserwatorium in Puebla, Meksiko. Sy was ook violdosent by 'n musiekskool in Costa Rica en was sedert 2007 verbonde aan die Hugo Lambrechts-sentrum in Kaapstad. Haar

orkesdeelname sluit onder meer in die Opera Orchestra in Trujillo in Peru, die Sinfónica Nacional de Costa Rica in Costa Rica, asook die Kentucky Symphony Orchestra, die Richmond Symphony Orchestra en die Dayton Philharmonic Orchestra. Sy het ook aan die Luca Musiekfees in Italië, die Grandin Musiekfees in Portugal, die Pacific Musiekfees in Japan en die Aspen Musiekfees in die VSA deelgeneem. Sharon het gereeld in die buiteland as solis opgetree en verskeie toekennings ontvang. Sy was onder meer die wenner van die CCM se kamermusiekkompetisie in 2003 en die Baur Orchestral Competition en Heermann-kompetisiewenner vir viool by die CCM in 1995. Sy het in 1990 die eerste prys in die Sanlamkompetisie gewen.

Die "nuwe" Odeion Strykkwartet se amp-telike eerste opvoering in Bloemfontein is in Mei vanjaar. Die kwartet sal ook in Mei aan die Bulawayo-fees in Zimbabwe deelneem.

# Development status

Research done at the UFS has made some interesting, and disconcerting, findings on the development status of women in South Africa – at both the national and provincial levels. The study, conducted by Annelize Booysen as groundwork for her Ph.D. thesis, reveals that the development status of women in South Africa not only deteriorated in absolute terms between 1996 and 2001, but also in relative, between-gender terms, leaving women in a more vulnerable position.

Making use of 1996 and 2001 census data to calculate (freshly mined) *gender-specific* Human Development Indices – the female-specific HDI (FHDI) and the male-specific HDI (MHDI) – the study found that the development level of men was higher than that of women in both years and that, although the absolute level of development of both men and women declined between the two years, the decline of women was more pronounced. This highlights the growing gender differences in the pace of development, as reflected by the national increase in the gender gap of almost three per cent.

Despite distinct provincial differences in human development, the development status of both women and men declined in all nine provinces during this time. KwaZulu-Natal lost most development ground in absolute terms, for both women and men. A disconcerting finding is that although women in the nine provinces all lost ground during this period, those provinces that initially lagged the furthest behind in this area were losing comparatively more ground.

At the absolute level, the women of Gauteng and Western Cape were in top position in the two years, with the women of Limpopo being in the bottom position. Comparing the development levels of women to that of men, it was found that the women of Eastern Cape (1996) and Western Cape (2001) lagged the least behind men, while the women of Limpopo and Mpumalanga lagged the most. An interesting fact is that Eastern Cape was the only province where the FHDI surpassed the MDHI in 1996. This position was nevertheless reversed by 2001.

The study's analysis at the disaggregated level highlighted another noteworthy aspect pertaining to KwaZulu-Natal. This province had the lowest female life expectancy in all of South Africa, both in 1996 and 2001. In 1996 the women of Western Cape, with the highest female life expectancy, could expect to live 7,1 years longer than the women of KwaZulu-Natal. By 2001, they could have expected to live an astounding 15,3 years longer due to the fall in KwaZulu-Natal's life expectancy, reflecting the devastating effect HIV/AIDS appears to have had on this province.

A further disturbing finding is that it would appear that a poor female development status predisposes women to poor development gender parity ratios, while a high absolute



Dr Annelize Booysen

Die egpaar se drie kinders, Matthias (10), Elke (8) en Ruben (6), het hulle vergesel en vir die duur van die besoek skoolgegaan aan die Universitas Primêre Skool.

Bo en behalwe hul verpligtinge om klas te gee, doen die egpaar ook navorsing oor die Griekse vertaling van die *12 Klein Profete* in samewerking met prof. Snyman.

“Hierdie is die eerste keer dat dosente van die KU Leuven die Departement Ou Testament vir so 'n lang tyd besoek en inskakeel by die normale kurrikulum. Wat interessant is, is dat die leerplanne tussen die twee departement tot so 'n mate ooreenkom dat lesings wat hulle in Leuven aanbied, gewoon hier herhaal kon word,” sê prof. Snyman.

Beide proff. Lemmelijn en Ausloos is professore in die Ou Testament in die Bybelwetenskap-ondersoekseenheid van die KU Leuven. Hul publiseer artikels internasionaal oor die redaksie- en tekskritiek van die Ou Testament en is betrokke by internasionale ondersoekprogramme soos die Hexapla-projek en Septuaginta-Deutsch. Prof. Ausloos is direkteur van die Leuvense Centre for Septuagint Studies and Textual Criticism en prof. Lemmelijn is medewerker in die sentrum. Saam het hulle verskeie gefinansierde ondersoekprojekte oor die karakterisering van die vertaaltegniek van die oudste Griekse Bybelvertaling gepubliseer.

## UFS will train court interpreters

A national project to train court interpreters was launched at the UFS. It is a joint project of the UFS, the Department of Justice and Constitutional Development, and the Safety and Security Sector Education and Training Authority (SASSETA). The project includes the training of a hundred court interpreters countrywide over the next two years. It was awarded to the Department of Afroasiatic Studies, Sign Language and Language Practice at the UFS after all higher education institutions in the country had the opportunity to apply to undertake this project. The project is led by Prof. Annelie Lotriet, Associate Professor in the Department of Afroasiatic Studies, Sign Language and Language Practice and an internationally renowned interpreting expert, who was also responsible for the training of interpreters for the Truth and Reconciliation Commission. At the launch of the project were, from the left: Mr Zongezile Baloyi (Chief Executive Officer of SASSETA), Prof. Lotriet, and Prof. Sakkie Steyn (Registrar General at the UFS).



# ‘Leermeesterskap in hoër onderwys

**P**rof. Annette Wilkinson van die Sentrum vir Hoëronderrisstudies en Ontwikkeling (SHOSO) in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die UV het in haar intrede ’n sterk pleidooi gelewer vir “leermeesterskap” in hoër onderwys.

Sy het gesê onderrig kan as die hart van hoër onderwys (HO) beskou word. Feitlik alles wat onderneem word, hou daarmee verband en vloei daaruit voort, ook die navorsing, die gemeenskapsdiens en al die ander take waarmee instellings hulle besig hou.

“Wêreldwyd stel die grootliks veranderde hoëronderrisomgewing baie groot eise aan die sektor, ook in die Suid-Afrikaanse opset met al die eise vir verandering en die aanspreek van on-gelykheid. Dosente beleef moeilike tye te midde van ’n reuse-toename in student-getalle en groter diversiteit. Befondsing word al hoe meer op sukseslyers eerder as op inskrywingsgetalle gerig. Vanweë baie faktore, insluitend tekortkominge in die skolestelsel, kom talle studente swak voorbereid by universiteite aan en is hulle dikwels nie in staat om aan akademiese eise te voldoen nie.

“Hierdie faktore is buite ’n instelling se beheer. Wat wel binne instellings se beheer is, is die tipe onderrig en ondersteuning wat veral aan nuwelingsstudente gebied word.

“Op nasionale vlak word tans groot kommer oor sukseslyers uitgespreek. Die gebrek aan omvattende verantwoordbaarheid vir studentesukses aan instellings, wat die dosent in die klaskamer insluit, word ook betreur. In hierdie opsig kan verskeie probleme uitgelig word.

“Dosente klou in baie gevalle nog vas aan geïkoneerde onderrigmetodes, wat net nie meer tred hou met die eise van HO nie. Daar word ook nie genoeg gebruik gemaak van die nuwe tegnologieë of die groot hoeveelheid navorsingsgebaseerde



Prof. Annette Wilkinson

kennis wat die afgelope dekades rondom fektiewe onderrig en leer in HO opgebou is nie.

“Daar word steeds op blote oordrag gekonsentreer en min kom tereg van byvoorbeeld leerdergesentreerde onderrig. Baie dosente dra ook nie kennis van die belangrike, navorsingsgebaseerde beginsels van goeie onderrig en leer op hierdie vlak nie. Vir baie akademiese is pedagogiese kennis nie van groot belang nie. ’n Bydraende faktor is dat in baie dissiplines pedagogiese kennis en navorsing wat op onderrig-leer in die dissipline gerig is, nie as deel van ’n dosent se wetenskaplike bydraes gereken word nie. Net ’n klein minderheid intrinsiek gemotiveerde persone neem aan geleenthede vir akademiese ontwikkeling deel.

“Die stelsel self is ook hieraan aandadig, want geen professionele agtergrond word by aanstelling van ’n dosent vereis nie. HO-onderrig word dus dikwels in die hande van onervare nuwelinge geplaas, wat dalk gevorderde kennis van die dissipline het, maar wat die onderrigtaak aanpak soos wat hulle dit in hulle eie studentejare ondervind het. Met sodanige gebrekkige toerusting en agtergrond moet baie dosente dan die moeilike en uitdagende eise van HO aanpak.

“Daar is dus ’n duidelike behoefte aan onderrig wat met groter kundigheid en wetenskaplikheid aangepak word, onderrig wat sal getuig van gesag ten opsigte van die dissipline sowel as onderwyskundigheid. Daar moet gesoek word na ‘leermeesterskap’ in hoër onderwys.

“Nog ’n komplikasie is die relatief lae status wat onderrig vandag teenoor navorsing beklee, soos wat dikwels blyk uit die meerdere erkenning, beloning en befondsing wat vir laasgenoemde beskikbaar is. Daar moet dus ook gesoek word na ’n bedeling waarin onderrig groter erkenning sal geniet. Meer navorsing in en oor onderrig en leer kan moontlik hiertoe bydra. Dit bring die debatte rondom die koppeling of band tussen onderrig en navorsing na vore. Daar word veral voortdurend gedebatteer oor die vraag of betrokkenheid by navorsing tot beter onderrig lei en van iemand ’n beter dosent maak of nie. Min oortuigende getuienis na enige kant toe is tot dusver gevind. Baie kundiges is egter oortuig daarvan dat daar wel ’n positiewe koppeling bestaan wanneer dosente hul onderrigtaak met ’n ondersoekende ingesteldheid verrig en hulle byvoorbeeld daarop instel om hul eie onderrigpraktyk in die breë te verbeter, wat dan ook tot verbeterde studenteleer en bereiking van uitkomst kan lei.”

Prof. Wilkinson het gesê die konsep van meesterskap sal nie net tot beter onderrig-leer en sukseslyers kan lei nie, maar ook ’n bydrae kan lewer om die status van onderrig te verhoog – en erkenning te gee aan die baie dosente wat in uitdagende omstandighede uitnemende werk verrig. Nie alle dosente sal egter tot die vlak van meesterskap vorder of stel belang daarin nie, veral vanweë die eise met betrekking tot navorsing en publikasie. Gevolglik moet prestasies ook erken en beloon word op die vlak van uitstaande onderwys (uitnemendheid) en die vlak van onderrig-leer-vakkundigheid. Laasgenoemde is ’n tussen-stap na meesterskap en dit is veral hier waar akademiese verrykingsprogramme ’n groot bydrae kan lewer om dosente se

## nodig'

pedagogiese kennis en navorsingsvaardighede op te skerp.

'n Eweneens belangrike argument wat prof. Wilkinson gevoer het, is die kwessie dat meesterskap nie beperk is tot doserende personeel nie, maar dat akademiëci in bestuurs-, ondersteunings- en administratiewe poste dikwels groot bydraes tot 'n instelling se onderrig-leer-kultuur lewer. Hulle moet ook vir erkenning en beloning op die vlakke van uitnemendheid, vakkundigheid en meesterskap kan kwalifiseer.

Prof. Wilkinson het daarop gewys dat verbeterde slaagkoerse in die finale instansie bepaal sal word deur erkenning van die potensiaal van elke student om sukses te behaal. Die instelling sowel as elke dosent moet verantwoordelikheid neem vir die daarstelling van 'n leeromgewing wat maksimum ondersteuning aan swakvoorbereide studente sal bied. Sy het die voorbeeld aangehaal van die loopbaanvoorbereidingsprogram (Career Preparation Programme, CPP) wat vanaf die UV gekoördineer word en wat die afgelope vyftien jaar geleentede en nuwe hoop gebied het aan bykans 8 000 studente wat nie naastenby vir universiteitstoelating gekwalifiseer het nie. "Sorgvuldige voorbereiding, beplande uitdagings en die weldeurdatge kanalisering van studente na verskillende tipes loopbane, het nuwe hoop aan hierdie uiters swak voorbereides gebring. Die syfers spreek vanself: Net aan die UV alleen het, sedert 1993, 3 244 van hierdie studente vir graadstudies ingeskryf nadat hulle die program suksesvol voltooi het. Sedert 1996 is 1 014 grade deur hulle verwerf, wat 95 honneursgrade, agttien meesters- en ses M.B.Ch.B.-grade insluit."

Prof. Wilkinson sê: "Met sulke werklike suksesverhale, glo ek die UV en die streek as geheel het die potensiaal om 'n leier op die gebied van onderrig-leer te word, met uitnemendheid, vakkundigheid en meesterskap wat erken, geag en beloon word."

## Association formed with Arbinger Institute



A two-day seminar titled *The Choice and The Choice @ Work* presented in Bloemfontein were, from the left: Mr Braam Botha (Well @ Work), Mr Jozef Myburgh (Telkom) and Dr Cobus Pienaar (Department of Industrial Psychology and facilitator of the Arbinger Programme).

**T**he UFS has become the first tertiary institution in the country to form an association with the Arbinger Institute of the USA.

Mr Danie Jacobs, Head of the UFS Centre for Business Dynamics, says: "The Arbinger Institute is a global management training and consulting firm applying the implications of self-deception and its solutions to all aspects of organisational performance. Our association with the institute is a major step for the development of leadership in the country."

Dr Cobus Pienaar of the Department of Industrial Psychology is the only licensed facilitator to present Arbinger's work in South Africa. He presents *The Choice and The Choice @ Work* programme on behalf of the Centre for Business

Dynamics, under the banner of the UFS School of Business.

Mr Jacobs says the programme has already had successes in South Africa. The feedback on the application of the programme to the South African business environment was phenomenal."

The Arbinger Institute's change work grows out of the scholarly work of philosopher Terry Warner. With an international team of scholars, Warner has broken new ground in solving the age-old problem of self-deception, or what was originally called "resistance". "This phenomenon is at the heart of much organisational failure. It is the reason why many organisational problems seem so intractable at their core – they are self-deception; they resist solution," says Mr Jacobs.

## Condolences



**Mnr. W.R. (Skroef) van Zyl (80)** (foto bo) is einde 2007 oorlede. Hy was van April 1962 tot Desember 1988 aan die Fakulteit Landbou verbonde. Hy laat sy vrou, Retha, kinders en kleinkinders agter. Hy was 'n bekende op die kampus met sy swart DKW (Blackie).

**Ms Meriam Galeboe** died in January 2008. Ms Galeboe worked in the Department Physical Resources since 1981, first in the UFS Sasol Library and later in the North Block.

**Ms Tsepiso Hae (28)** passed away in January 2008 after being ill for some time. She studied Social Work at the UFS and was working at Free State Care In Action when she passed away.

**Me. Lorinda Brazelle**, dogter van prof. Robbie Brazelle, is in Oktober 2007 oorlede. Sy was werksaam in die Nagraadse Administratiewe kantoor by die Skool vir Opvoedkunde.

**Dr. Ian V. van der Merwe (78)** is verlede jaar oorlede. Hy het sy doktorsale tesis aan die UV se Departement Opvoedkunde in 1978 voltooi. Hy het tot sy afsterwe op die familieplaas naby Griekwastad geboer. Hy word oorleef deur sy vrou, Yvonne, vyf kinders, Almarie en drr. Lente, Frederick, Anina en Ian (almal oud-Kovsies), asook sewe kleinkinders.

**Dr. Marius Roos (44)** of Canada passed away in August 2007. He worked at the North Okanagan Dermatology LaserCentre & MediSpa.

**Louis Smith (18)**, 'n eerstejaarstudent in B.Com, is aan die begin van die jaar in 'n motorfietsongeluk in Bloemfontein oorlede. Hy laat sy pa, Louis, ma,

Wilma, stiefma Anita en twee broers en twee stiefsusters agter.

**Mnr. Jan Richter (47)**, Simbrateler van Dewetsdorp, is einde verlede jaar oorlede. Hy het 'n B.Com in 1983 aan die UV behaal. Hy word oorleef deur sy vrou, Elmine, 'n dogter, seun en sy ma.

**Riaan Bosman (20)** en sy ma, mev. Elize Bosman, van Bloemfontein is einde Desember 2007 in 'n motorongeluk in die Oos-Kaap oorlede. Riaan was 'n mediastudiestudent in sy tweede jaar aan die UV. Hy laat 'n broer en sy pa, insp. Hennie Bosman, agter.



**Prof. Samuel Motshologane** (pictured above) passed away in September 2007. He was the Assistant to the Administrator on the Qwaqwa Campus from April 2001 to March 2003. The Campus will miss him for the contribution to the growth of this Campus.

**Prof. S.W. (Schalk) Baard (71)** is in Maart vanjaar in Bloemfontein oorlede. Hy is in 1962 as lektor by die Departement Plantpatologie aangestel en in 1988 bevorder tot hoof van die departement. Hy het sy doktorsgraad in 1979 aan die UV behaal. Prof. Baard het in 1995 by die UV afgetree en sedertdien in Stilbaai gewoon. Hy word oorleef deur 'n seun, Igor, en dogter, Cara-Lu.

**Mev. Enid Jankielson (73)**, oud-Springbok-hokkiespeler wat in 2007 deur die Kovsie-Alumni Trust as 'n UV-sportlegende vereer is, is in Desember oorlede. Sy laat haar man, Desmond, seuns Roy, Gavin, Mark en Craig, asook dogter Susan agter.

## Serame sing groot prys los



Kovsietenoor Serame Thaobala, 'n derdejaar-B. Mus.-student aan die Departement Musiek, het in Maart met die louere weggestap op die nasionale sangkompetisie Discovering Voices wat in Pretoria deur Salon Musiek aangebied is. Die klassieke sangkompetisie het uit drie rondes bestaan. In die halfeindronde was agttien nasionale sangers, waaronder vyf Bloemfonteiners, gekleur om deel te neem. Hiervan het nege sangers deurgedring na die finale ronde. Serame het 'n groot kontantprys en optreekontrakte gewen. Unisa het ook aan Serame 'n konsert in die konsertreeks Aan die Lied aangebied. Me. Hanna van Schalkwyk is sy sangdosent.

## Oncology receives R5,6 m for facilities

The Department of Oncology in the Faculty of Health Sciences has received R45,6 million from the National Department of Health for 2008. The money will be available on 1 April 2008. Prof. Louis Goedhals, Head of Department: Oncology, says the money will be utilized for the upgrading of machines, such as linear accelerators, Cat Scans and Bragi Therapy machines.

"The modernization of tertiary equipment is critical, not only for training, but also for the delivery of a world-class service."

## Sasol to invest millions more in Chemistry



A top-level delegation from Sasol met with management and the Faculty of Natural and Agricultural Sciences to further invest in the Department of Chemistry. Sasol invested R9 million over three years in this department. The company has been very impressed with the department's 100% increase in significant published research outputs on basic petrochemical reactions from 2005 to 2006. At the meeting were, from the left, front: Prof. Frederick Fourie (Rector and Vice-Chancellor) Prof. Herman van Schalkwyk (Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences), and Dr Chris Reinecke (Managing Director of Sasol Technology R&D); back: Prof. Ben Bezuidenhout (affiliated professor in the Department of Chemistry), Prof. André Roodt (Chairperson of the Department of Chemistry) and Dr Desmond Young (Manager of Chemical Technologies at Sasol Technology R&D).

## Cell Biology receives money for further development




The Netcare Private Hospital Group donated R265 000 to the Department of Haematology and Cell Biology. The money will be for, among others, the establishment of a bone-marrow transplant programme, the development of a molecular biology laboratory and the development of anti-leukemia remedies. Celebrating the donation were, from the left: Prof. Gert van Zyl (Head of the School of Medicine), Prof. Leticia Moja (Dean of the Faculty of Health Sciences), Prof. Dion du Plessis (Director of Netcare Holdings), and Prof. Philip Badenhorst (Head of the Department of Haematology and Cell Biology).

## Regskliniek op Vista-kampus ingewy


Die Universiteit van die Vrystaat se Regskliniek op die Vista-kampus is amptelike ingewy. By dié geleentheid is 'n naamplaat van die kliniek onthul en is gaste ook aan die personeel en werksaamhede van die Regskliniek voorgestel.

Die kliniek, wat in die middestad van Bloemfontein geleë was, bied gratis regsdiens aan die gemeenskap en hanteer reeds sowat 500 siviele sake. Die opening is onder meer bygewoon deur prof. Johan Henning, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, dr. Neels Swanepoel, Direkteur van die Regskliniek, adv. Inez Bezuidenhout en mnr. Ryan Ishmail, albei van die Regskliniek.

# Beds of Hope campaign



The Beds of Hope Campaign seeks to acquire ICU beds and equipment in order to provide the necessary levels of healthcare to neonatal patients.



Prof. André Venter with one of the neonatal patients in the current ICU ward.

**T**he Beds of Hope Campaign was launched by the Department of Paediatrics and Child Health in the Faculty of Health Sciences at the UFS at the end of 2007.

The campaign, which is made possible by a R1,5 million donation from the Carl and Emily Fuchs Foundation, seeks to address the serious need for specialised healthcare for babies and children in the central regions of South Africa. Through this campaign, the UFS hopes to raise

R15 million over the next two years to purchase ICU beds and equipment for neonatal patients.

The Department of Paediatrics and Child Health was one of four departments at hospitals in the country to receive an allocation from the Fuchs Foundation. Nineteen paediatric departments applied for funding. The allocation was made specifically to strengthen the fundraising capacity of each of the successful hospitals.

# aims for R15 million



The Fuchs Foundation donated R1,5 million to the project. From left are: Ilse Smalberger (Chief Officer: UFS Corporate Liaison), Prof. André Venter and Nina Landman (Campaigning Assistant in Bloemfontein).

Prof. André Venter, Head of the Department of Paediatrics and Child Health at the UFS, says: “We treat babies and children who need specialised healthcare in the Universitas and Pelonomi Hospitals in Bloemfontein. We are the sole provider of this level of care in the Free State, Northern Cape, North West Province, Eastern Cape and Lesotho and are responsible for the specialised healthcare of more than a million children and babies. However, most of our equipment is old and in serious need of replacement or repair.

“On average, it is estimated that up to ten children are turned away every month due to the lack of ICU beds, while many neonates may die every year due to the unavailability of adequate facilities for newborns in distress. As a result, the Beds of Hope Campaign was launched, thanks to the kind and generous support of the Fuchs Foundation. The campaign aims to improve the healthcare situation for babies and children, who are desperately ill, by increasing the number of intensive-care units for neonatal patients.”

So far, donations have been received from the WD Hare Family Trust, the Wimpy Trust and Janssen-Cilag. Several fundraising activities will take place in Johannesburg and Bloemfontein throughout 2008 and 2009 in an effort to raise the necessary funds. A website has also been created for the Campaign. The URL is <http://bedsofhope.ufs.ac.za>.

Other hospitals that received support from the Fuchs Foundation is Healing Jozi Kids, Boikanyo Foundation and the Groote Schuur Hospital Neonatal Department.

Persons interested in making a donation to the Beds of Hope Campaign, are invited to visit the website for more information. Alternatively, please contact Nina Landman, Campaign Assistant in Bloemfontein (at 083 407 7060) or Pheadra Farah, Campaign Co-ordinator in Johannesburg (at 082 925 0419).



The Johannesburg team raising funds for the project. From left are: Carla Pescivolo (Secretary, UFS Corporate Liaison Office), Cathy Castagno (Development Director: UFS Corporate Liaison), Pheadra Farah (Campaign Co-ordinator), Jacqui Moodley (Marketing Officer: UFS Corporate Liaison) and Dikeledi Matshitela (Senior Marketing Officer: UFS Corporate Liaison).

## PPS gee R25 000 vir gazellie



Die Professionele Voorsieningsvereniging-versekeringsmaatskappy Beperk (PPS) het R25 000 aan die Skool vir Verpleegkunde vir die opgradering van 'n gazellie vir verpleegkundestudente geskenk. By die geleentheid was, van links: prof. Anita van der Merwe (Hoof van die UV se Skool vir Verpleegkunde), prof. Letticia Moja (Dekaan: Fakulteit Gesondheidswetenskappe), mnr. Hannes Ferreira (PPS se Divisiebestuurder: Makelaarsdienste), en Reneé Kotzé (vierdejaarverpleegkundestudent en visepresident van die Skool vir Verpleegkunde se Studenteforum). Anneke Botes van die UV het ook vanjaar 'n voorsittersbeurs van R10 000 van PPS ontvang.

## Sentrum vir Boedelbeplanning kry hupstoot van BoE Trust



Die Sentrum vir Boedelbeplanningsreg in die Fakulteit Regsgeleerdheid het 'n borgskap van BoE Trust Bpk. ontvang. Die borgskap van sowat R50 000 per jaar sal die sentrum in staat stel om sy werksaamhede uit te bou, veral met betrekking tot navorsing en voortgesette opleiding oor praktykgerigte aspekte van boedelbeplanning. Hier is, van links: prof. Elizabeth Snyman-Van Deventer (Hoof van die sentrum), prof. Johan Henning (Dekaan van die fakulteit), mnr. Louis van Vuren (BoE Trust Bpk.) en mnr. Franklin Dikgale (BoE Trust Bpk.).

## Prof. van Zyl die nuwe president



Prof. Gert van Zyl, Hoof van die Skool vir Geneeskunde in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, is tot president van die Vrystaatse tak van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (SAMA) verkies. Hier is hy by die voormalige president, dr. Bettie Wolmarans (links). Die nuwe eresekretaris is dr. Wayne Marais verbonde aan die Nasionale Hospitaal (oftalmologie) en die visepresident is dr. Heidemarie Smalberger, verbonde aan Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens.

## Upward trend in research for UFS

According to the National Research Foundation's publication *Evaluation and Rating, Facts and Figures 2007* the UFS was rated second in the categories Microbiology and Plant Pathology (with eleven rated researchers) in terms of the number of rated researchers per NRF specialist area.



## Twee van UV speel belangrike rol in Peppadew-saak



Prof. Maryke Labuschagne

**T**wee wetenskaplikes van die Universiteit van die Vrystaat het 'n belangrike rol gespeel in 'n baanbrekersaak waarin Piquanté Brands International, wat Peppadew International lisensieer om die Piquanté-vrug onder die Peppadew®-handelsmerk te bemark, se geregistreerde planttelersregte bevestig is.

Die oorspronklike Peppadew-plant is in 1993 in 'n tuin in Plettenbergbaai ontdek en planttelersregte is in 1997 aan die ontdekker van die plant toegestaan. Die klein, rooi, hartvormige vrug word in 'n soet-suur pekel ingelê en onder die handelsnaam Peppadew® bemark. Die handelsreg op Peppadew® is later deur Peppadew International oorgeneem. OMC Marketing het intussen 'n soortgelyke produk onder 'n ander handelsnaam begin bemark.

OMC Marketing het by die Departement Landbou aansoek gedoen dat die registrasie van die variëteit opgeskort word op grond daarvan dat dit nie aan die DUS-beginsels (“distinct, uniform and stable”) voldoen nie. Ná 'n dispuut van sowat drie jaar het 'n appèlraad, wat deur die minister van landbou in terme van die Wet op Planttelersregte aangestel is, eenparig beslis dat Piquanté se volle planttelersregte op die Piquanté-variëteit gehandhaaf word.

Prof. Maryke Labuschagne van Plantwetenskappe in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe en prof. Chris Viljoen van die Departement Hematologie en Selbiologie in Fakulteit Gesondheidswetenskappe het Piquanté Brands International in die appèlsaak met tegniese getuienis bygestaan. Hulle rol in die hofspraak was om te bewys dat die variëteit wel aan DUS voldoen het. Prof. Viljoen is ook besig om 'n molekulêre merker te ontwikkel vir Peppadew se plantmateriaal wat in toekomstige teelprogramme van die maatskappy gebruik kan word.

Die Piquanté-saak is waarskynlik die eerste waarin 'n saak in gevolg die Wet op Planttelersregte tot by 'n appèlraadbeslissing gekom het. Slegs die houer van die regte mag enige produk wat uit die variëteit verkry word of wat nie van die beskermdede variëteit onderskei kan word nie, teel, verkoop, invoer of in voorraad hou.

## Student makes breakthrough in phosphor application

**M**r Moses Mothudi, a Ph.D. student of Prof. Hendrik Swart and Dr Martin Ntwaeaborwa, both from the Department of Physics, and also a staff member in this department at the Qwaqwa Campus of the UFS, has made a breakthrough in synthesising a long afterglow green-emitting strontium illuminate phosphor ( $\text{SrAlO}_4:\text{Eu,Dy}$ ) which has a variety of applications including luminous paints, watches and clocks.

The phosphor will play a major role in a joint project by the Council for Scientific and Industrial Research (CSIR) and the Department of Physics at the UFS in their attempt to illuminate road surfaces at night by mixing phosphors with infrastructure materials.

The project is based on the use of sunlight to activate nano material in for example cement and paint. At night the cement or paint can serve as light sources on roads and in houses. An amount of R3,9 million has been made available by the CSIR for the development of the project. Nano phosphors are luminescent powders that consist of particles that are 1 millionth of a millimeter. Nano material can be mixed with, for instance, paint or cement.



Seen here are, from the left: Dr Martin Ntwaeaborwa, Mr Moses Mothudi and Prof. Hendrik Swart with some of the phosphor samples they produced.

# Sportpresteerders vereer



Die vorige rektor van die UV, prof. Stef Coetzee, en Jannie du Plessis met die Curriebeker.



Annette Bekker en Joggie Jansen: Die UV se eerste sportman en -vrou



Toe en nou: Die eerste drie voorsitters van die Kovsie-Alumni Trust. Van links is prof. Nico du Plessis (2002-2005), me. Frances Hoexter (vanaf 2005) en regter Faan Hancke (1996-2002).

Foto's: Gerhard Steenkamp

**D**ie Kovsie-Alumni Trust het in November 2007 sy tiende bestaansjaar met 'n prestige gala-geleentheid in die Callie Human-sentrum gevier. Om meer swier en glans aan die aand te verleen, het die trust Kovsies vereer wat op nasionale sportgebied presteer het. Ongeveer 100 bekende sportpersoonlikhede het van heinde en ver gekom om die geleentheid by te woon en daar is tot in die vroeë oggendure gekuier. Van die bekende gesigte was onder meer Joggie en Eben Jansen, Zola Budd-Pieterse, Rita Oosthuizen, Annette Bekker en talle ander.

Die kunstenaar Danie Niehaus het die ongeveer 500 gaste vermaak. Absa en SAB het die geleentheid moontlik gemaak.



Rugby-legendes byeen: Hier is van links, voor: Dirk Froneman, Christo Ferreira, Hermanus Potgieter en Theo Oosthuizen; agter Theuns Stofberg, Nelie Smith, Sakkie van Zyl, Gerrie Sonnekus, Jan Schlebusch, De Wet Ras, Eben Jansen, Joggie Jansen en Edrich Krantz.

## Topmatrikulante op ontbyt onthaal



Van die topmatrikulante. Van links is Ronel Vergeer, Kabelo Mekoa, Kobus Neethling en Cornea van Niekerk.

**D**ie Kovsie-Alumni Trust het in Januarie sy jaarlikse ontbyt aangebied om die 25 topmatrikulantfinaliste op die UV-kampus te verwelkom. Die trust is die hoofborg van *Volksblad* en die UV se Matrikulant van die Jaar-kompetisie en skenk jaarliks beurse aan die 25 finaliste. Twee van die finaliste, Nikita Strydom en PD Theron, het in die matriekeindeksamen eerste in hul onderskeie provinsies geëindig. Nikita is van die Oos-Kaap en PD van die Vrystaat.

## Gestemde studente kry beurse



Die Kovsie-Alumni Trust het beurse aan die drie gestemde top-studente oorhandig. Die beste eerstejaarstudent was Johan Fourie, die beste tweedejaarstudent Melanie Nel en die derdejaarstudent Ilse de Beer. Hier is van links, voor: Fourie, agter: Nel, me. Frances Hoexter, voorsitter van die Kovsie-Alumni Trust, De Beer, en me. Ronelle Ceronio, Hoof: Eenheid vir Studente met Gestremdhede aan die UV.

## Voorsmakie van Suid-Afrika gekry

**D**ie agtste Suid-Afrikaanse Besigheidsgholtoernooi het verlede jaar in Nederland plaasgevind. Dié prestige netwerkgeleentheid word elke jaar gereël deur SANEC, die Nederlandse Kamer van Koophandel vir Suidelike Afrika, met kantore in Den Haag, Johannesburg en Kaapstad.

SANEC se belangrikste doel is om bilaterale handel tussen Suidelike Afrika en Nederland te bevorder. Sodoende kan Suid-Afrikaanse firmas 'n toegangspoort tot Europese markte vind.

Die gholfdag, met as tema "A Taste of South Africa", is op die

pragtige baan van Kasteel Landgoed Engelenburg in Brummen gereël. Die kasteel is 'n waardige gebou wat elke besoeker tuis laat voel. Die kamers is in Suid Afrikaanse styl ingerig. Die eienaar het 'n tyd in Suid-Afrika gewoon en wou graag die mooi herinneringe van die land verewig in die hotelgedeelte van die kasteel.

Altesaam 140 sakemanne het deelgeneem, waaronder 'n paar Kovsies. Naude de Klerk van die Kovsie Alumni het saam met die ING-span gespeel. Die Kovsie-egpaar Johan (JJ) en Ella du Toit het ook deelgeneem. Johan is verbonde aan die Internasionale Misdaad-tribunaal

vir die voormalige Joego-Slawië en Ella (Nolte) is werksaam by SANEC. Ella is verantwoordelik vir korporatiewe skakeling met Suid-Afrika en hanteer ook die finansies. Meer Kovsies soos Barry van Jaarsveld (BHP Billton), dr. Willem Ouweneel, Jan en Liesel Rheeboek, albei kinderpediaters in Rotterdam, is ook in Nederland opgespoor.

'n Suid Afrikaanse wynproe is ook aangebied onder leiding van 'n vinoloog. Europeërs kon kennis maak met die hoë gehalte van Suid Afrikaanse wyne. Die dag is afgesluit met 'n gesellige Suid-Afrikaanse braai met egte boerewors uit die kok se kombuis.

# Oud-Kovsies trek saam in Londen



Suid-Afrika Huis in Londen waar Kovsies in die Verenigde Koninkryk verlede jaar reünie gehou het. Regs is van die mense wat saam gekuier het.

**D**ie Kovsie-alumni in Londen het die groot voorreg gehad om 2007 se Londen-reünie in Suid-Afrika Huis op Trafalgarplein, reg in die hartjie van Londen, te hou.

Sowat 70 oud-Kovsies vanoor die Verenigde Koninkryk het die semi-formele funksie op 12 Oktober 2007 bygewoon. Die aand het grootliks ten doel gehad om lekker saam met ou studentevriende te kuier en almal ook weer op hoogte te bring met die doen en late van die UV. Liezl Colditz, voorsitter van Kovsie Alumni in Londen, het almal verwelkom en Louis Botha, mede-organiseerder van die reünie, het ook 'n paar woorde oor die UV gesê. Hy is ook verkies as die nuwe voorsitter van Kovsie Alumni in Londen.

Die oud-Kovsies het verder saamgekuier rondom 'n vingerete wat selfs boerewors en Suid-Afrikaanse wyn ingesluit het.

Die reünie is moontlik gemaak deur die borge Expat Ltd, Dynarc en PSG Consult.



# Donateurs

## Goue donateurs

- |   |  |   |
|---|--|---|
| 184. Mnr Vossie Pienaar, Versekeringsmakelaar, Bloemfontein | 1137. Mnr Nico von Wiellig, Boer, Ermelo                   | 1148. Mnr Pieter de Jager, Landboukundige, Pretoria           |
| 625. Dr Neels Nothnagel, Mediese dokter, La Montagne        | 1138. Mnr Jacques Gildenhuys, Regsadviseur, Northriding    | 1163. Dr Hancke de Kock, Mediese dokter, Newlands             |
| 1057. Dr Jan Fouche, Kliniese sielkundige, Garsfontein      | 1139. Mnr Quintin Rooza, Bourekenaar, Johannesburg         | 1165. Mnr Philo Nel, Prokureur, Bloemfontein                  |
| 1062. Mnr Phillo Beukes, Fisioterapeut, Knysna              | 1140. Mnr Johan Slabbert, Prokureur,                       | 1173. Mnr Stephan Bezuidenhout, Prokureur, Bloemfontein       |
| 1063. Dr Deon Knoesen, Uroloog, Krugersdorp                 | 1141. Me Louise Strydom, Sakevrou, Featherbrook Estate     | 1174. Mnr Trienko Lups, Bemarker, Bloemfontein                |
| 1132. Mnr Pieter van Rooyen, Sakeman, Centurion             | 1142. Mnr Rupert Venter, Argitek, Aucklandpark             | 1175. Mnr Vic de Bruyn, Staatsadvokaat, Bloemfontein          |
| 1133. Mnr Kotie du Toit, Bourekenaar, Harrismith            | 1144. Mnr Attie van der Merwe, Bedryfsielkundige, Pretoria | 1176. Mnr Fritz Bredenkamp, Versekering, Bloemfontein         |
| 1134. Mnr Oekie Cronjé, Akkerbou-bestuurder, Delmas         | 1145. Me Anél Strydom, HCM Konsultant, Johannesburg        | 1177. Mnr Joubert Verster, Bourekenaar, Bloemfontein          |
| 1135. Mnr Ben de Wet, Boer, Ermelo                          | 1146. Mnr Max Naude, Bankier, Weltevredenpark              | 1178. Mnr Stompie Fourie, Makelaar / Konsultant, Bloemfontein |
| 1136. Mnr Sakkie Lamprecht, Landboukundige, Ermelo          | 1147. Dr Irene Coetzee, Mediese dokter, South Hills        | 1179. Mnr Theo Janse van Rensburg, Argitek, Bloemfontein      |

## Prestige-donateurs


- |  |  |   |
|--|--|---|
| 94. Mnr Stephan Viviers, Sagteware Ingenieur                     | 2253. Mnr Corne Gelderbloem, Sakeman, Virginia                     | 2279. Mnr Weitz Botes, Opleidingshoof, Roodepoort                       |
| 1016. Mev A Roode, Makelaar, Bloemfontein                        | 2254. Me Carmin Harty, Bedryfsverhoudings, Linden                  | 2280. Me Ulanda Botha, Areabestuurder, Bloemfontein                     |
| 2084. Dr Gerrit Engelbrecht, Kerngeneeskundige, Faerie Glen      | 2255. Mnr K Joubert, Regsadviseur, Potchefstroom                   | 2281. Mnr Paul Briers, Direkteur, Bryanston                             |
| 2085. Mnr Ignatius Retief, Risikobestuurder, Krugersdorp         | 2256. Mnr Len Kruger, Prokureur, Houghton                          | 2314. Mnr George Whitehead, Prokureur, George                           |
| 2087. Mnr Jaco Engelbrecht, Bourekenaar, Vanderbijlpark          | 2257. Mnr Hendrik Leyden, Hoofbestuurder, Vanderbijlpark           | 2315. Mnr Ruaan Kruger, George  |
| 2234. Mnr Hannes Wessels, Bankier, Douglasdale                   | 2258. Mnr Stefan Loock, Bemarker, Bloemfontein                     | 2316. Adv Danie vd Merwe, Advokaat, George                              |
| 2235. Mnr Gerhard Strydom, Fisikus, Highveld                     | 2259. Mnr Dries Maree, Restaurant-eienaar, Pierre van Ryneveldpark | 2317. Mnr Antonie Homann, Bourekenaar, George                           |
| 2236. Mnr Willem Struwig, Algemene Bestuurder, Blue Valley       | 2260. Mnr Sarel Pretorius, Areabestuurder, Reitz                   | 2318. Dr Cornel Barnard, Mediese dokter, Potchefstroom                  |
| 2237. Mnr Mike Howell, Finansiële Bestuurder, Wierda Park        | 2261. Mnr Anton Stroebel, Personeelbestuurder, Pretoria            | 2319. Dr Johan Jansen van Vuuren, Mediese dokter, Plettenbergbaai       |
| 2238. Mnr Johan de Wet, Finansiële Adviseur, Elarduspark         | 2262. Dr Debbi Tempelhoff, Dokter, Wierdapark Suid                 | 2320. Mnr Jannie Strydom, Konstruksie, George                           |
| 2239. Mnr Petri Dafel, Boer, Amersfoort                          | 2264. Mnr Peet Venter, Ouditeur, Reitz                             | 2321. Me Brenda Berries, Industriële verhoudingspraktisyn, Kempton Park |
| 2240. Mnr Wouter Theron, Streeksbestuurder, Bethal               | 2265. Mnr John Webber, Prokureur, Johannesburg                     | 2322. Mnr Innis Erasmus, Fisioterapeut, George                          |
| 2241. Mnr Petrus van Rooyen, Bedryfsielkundige, Centurion        | 2266. Mnr Hennie van Huyssteen, Sakeman, Paardekraal               | 2332. Mnr Nic Olivier, Slaghuisbestuurder, Bethlehem                    |
| 2242. Mnr Jacques Retief, Private Bank-bankier, Bloemfontein     | 2267. Mnr Eksteen Theron, Direkteur van Maatskappye                | 2333. Mnr Hennie Nel, Bourekenaar, New Redruth                          |
| 2243. Mnr Gerhardt Nieuwoudt, Tegniiese Konsultant, Bloemfontein | 2268. Mnr Rouan Shahia, Vervoer / Sakeman, Centurion               | 2334. Mnr Troskie Neethling, Bestuurder, Rietvalleirand                 |
| 2244. Adv Jason Johnson, Advokaat, Bloemfontein                  | 2269. Mnr Jaco Raath, Handelaar, Centurion                         | 2335. Mnr Chris Lourens, Bestuurskonsultant, Garsfontein                |
| 2245. Dr Nyda Fourie, Mediese dokter, Bloemfontein               | 2270. Mnr Bennie Olivier, Besigheidsanalise, Parklands             | 2336. Mnr Jaques Greyvenstein, Bourekenaar, Moreletta Village           |
| 2246. Mnr Johan Jonck, Regsadviseur, Bloemfontein                | 2271. Mnr Hendri Mentz, CA, Bloemfontein                           | 2337. Mnr Anton Neuhoff, Prokureur, Bloemfontein                        |
| 2247. Mnr Frannie Marais, Waardeerder, Brandhof                  | 2272. Dr Hantie Lombard, Sakeman, Heidelberg                       | 2338. Mnr Melt du Toit, Finansiële bestuurder, Bloemfontein             |
| 2248. Mnr Willie Shaw, Mediese fisikus, Bloemfontein             | 2273. Dr Chris Lerm, Bemarking, Helderkruin                        | 2339. Mnr Francois van der Berg, Prokureur, Bloemfontein                |
| 2249. Dr Victor Yasbek, Patoloog, Bloemfontein                   | 2274. Mnr De Wet Jonker, Uitvoerbestuurder, Elarduspark            | 2340. Me Lynette van Zyl, Kliniese sielkundige, Bloemfontein            |
| 2250. Mnr Gert Barnard, Bedryfsbestuurder, Benoni                | 2275. Dr Gideon Hugo, Mediese dokter, Amanzimtoti                  | 2341. Mnr Natie Fourie, Besturende Direkteur, Pretoria                  |
| 2251. Mnr Chopper Bester, Batebestuurder, Melville               | 2276. Mnr De Wet, Konsultant, Lyttelton                            |   |
| 2252. Dr Margaret Fockema, Mediese dokter, Johannesburg          | 2277. Dr Piet Grobler, Sakeman, Lynnwoodrif                        |   |
|  | 2278. Mnr Piet Haasbroek, Prokureur, Virginia                      |   |

## Platinum-donateurs

- |  |  |  |
|--|--|--|
| 264. Mnr Bertie Rodgers, Besigheidsontwikkeling-bestuurder, Kaapstad | 321. Mnr Hennie Botha, Argitek, Bloemfontein                     | 327. Mnr Etienne Maree, Sakeman, Pretoria        |
| 265. Adv Johan Daffue, Advokaat, Bloemfontein                        | 322. Mnr Louis Rossouw, Geoktrooierde rekenmeester, Bloemfontein | 328. Mnr Gert Grobler, Adjunkdirekteur-Generaal  |
| 317. Mnr Erik Strauss, Boer, Bultfontein                             | 323. Mnr Anton Pretorius, Makelaar, Bloemfontein                 | 346. Dr Johan Bahlmann, Uroloog, George          |
| 318. Mnr Gys Louw, Prokureur, Alberton                               | 324. Dr Derick Aucamp, Mediese dokter, Val de Grace              | 349. Mnr Johan Ströh, Prokureur, Pretoria        |
| 319. Dr Viktor Cogho, Groepsbestuurder, Middelburg                   | 325. Dr Johan Kruger, Mediese dokter, Fontainebleau              | 350. Mnr Ross Schutte, Slagter / Sakeman, Linden |
| 320. Mnr Wollie Wolmarans, Prokureur, Bloemfontein                   | 326. Mnr Luther Bakkes, Sakeman, Paarl                           | 351. Mnr Thys Prinsloo, Boer, Dullstroom         |
|  |  | 352. Mev Lynette Jeppe, Argitek, Bloemfontein    |
|  |  | 353. Mnr Jandrè Henning, Ouditeur, Bloemfontein  |

## Diamant-donateurs

- |  |   |   |
|--|---|---|
| 74. Mnr Lourens Prinsloo, Sakeman, Weltevredenpark | 75. Mnr Christo Fourie, Bourekenaar, Johannesburg | 77. Dr Wimpie van Vuuren, Chirurg, Alberton |
|--|---|---|



E-mail reply: [alumni@mail.uovs.ac.za](mailto:alumni@mail.uovs.ac.za)  
Return address: Dawid Kriel, P O Box 2319, Bloemfontein 9300

# 1904

## Universiteit van die Vrystaat

## University of the Free State

